



En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 29: Acharei Mot (מֹרֶת אַחֲרָיִם): Na die Dood

יהוה *het met Moshe gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה*. Lev. 16:1 – PWL¹

Torah: Lev. 16:1 tot 18:30

Haftorah: Eseg. 22:1 tot 19

Hernieuwe Verbond: Rom. 3:19 tot 28; Rom. 9:30 tot 10:13; 1 Kor. 5:1 tot 13; 6:9 tot 11; 2 Kor. 2:1 tot 11; Gal. 3:10 tot 14; Hebr. 7:23 tot 10:25.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 29 wat afgelaai kan word by: [Parashah29Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

If I am filled with the Holy Spirit the same things that grieve the Holy Spirit will grieve my spirit – Leonard Ravenhill.

A man who is intimate with God will never be intimidated by men – Leonard Ravenhill

Midrash (Torah Bespreking)

Die fokuspunt van parashah *Acharei Mot* is die Groot Versoendag, ook bekend as die dag van Toedekking en in Hebreeus as *Yom Kippur*. Hierdie is deel van die Vasgestelde Tye (Feestye) van YHVH soos in Lev. 23:26 tot 31 beskryf word. Dit is deel van die derde en die laaste feesseisoen bestaande uit die Fees van die Basuin, Die Versoendag en die Fees van Tabernakels (Sukkot). Dit is 'n ewige insetting en die doel is (steeds vandag!) vir versoening om gereinig te word (Lev. 16:30 en 31).

Hierdie sal 'n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek, want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees. Dit moet 'n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is 'n ewige instelling. Lev. 16:29 tot 31 – PWL.

Maar die vertrekpunt van ons Torahskriflesing is die herinnering aan die sterwe van Nadab en Abihu nadat hulle in die teenwoordigheid van YHVH met vreemde vuur gekom het. Hierdie is weereens bevestiging en 'n waarskuwing dat slegs diegene wat afgesonder (heilig) en rein is in die teenwoordigheid van YHVH mag kom.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is YHVH julle God. Lev. 20:7.

Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. 1 Pet. 1:15 en 16.

Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Matt. 5:8.

Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges! Jak. 4:8.

Daarom lees ons in Lev. 16:2:

יהוה het vir Moshe gesê: “Praat met jou broer Aharon dat hy nie te eniger tyd moet inkom in die afgesonderde plek, binnekant die verdelingsgordyn, voor die Toedekking wat op die ark is nie sodat hy nie sterf nie, want Ek verskyn in die wolk bokant die Toedekking (PWL).

Nadab en Abihu het nie hulle “taakoms krywing” volgens YHVH se voorskrifte (Torah) uitgevoer nie en het gesterf!! Hulle het die grense van dit wat *kadosh* (heilig, afgesonder) en *tahor* (rein) is oorskrei en opgetree in die realm (area) van *chol* (onheilig) en *tamei* (onrein). Met ywer het hulle in ‘n toestand van onreinheid volgens hulle eie geregtigheid opgetree en geglo dit sal vir YHVH aanvaarbaar wees!

Nadab en Abihu het met ‘n onvanpaste wierookoffer in YHVH se teenwoordigheid gekom, maar nou moet Aäron ‘n gepaste wierookoffer van aangename geur bring.

Hy moet ‘n vuurpan vol brandende kole van die altaar voor יהוה vat, met sy twee hande vol fyn gestampde reukwerk van speserye en dit binnekant die verdelingsgordyn bring. Lev. 16:12 – PWL.

Ten einde in YHVH se Teenwoordigheid te staan moet ons Sy protokol volg. Dit is wat Aäron moes doen en dit was ‘n sinnebeeld (heenwysing) na Yeshua ons ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisedek.

.....maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie. Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroue bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afsondering ingegaan en ewige loskoping verkry, want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van ‘n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Die Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. Heb. 9:11 tot 14 – PWL.

Alles wat Aäron, die hoofpriester, op die Dag van Versoening gedoen het, was ‘n skadubeeld (heenwysing) van die verlossingswerk van Messias Yeshua. Maar Aäron moes eers ‘n offer vir homself ‘n offer van versoening bring, want hy was nie sonder sonde soos Yeshua ons Hoëpriester nie.

Dan moet Aäron die sondofferbul wat vir hom bedoel is, aanbring en vir hom en sy huis versoening doen. Lev. 16:6.

Eers nadat Aäron ‘n offer ter versoening van sy eie sondes gebring het, kon hy die skadubeeld wees van Yeshua die Hoofpriester sonder sonde.

.....want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is; wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer, want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik. Lev. 7:26 tot 28 – PWL.

Op die Versoendag het Aäron ook nie sy hoëpriesterlike gewaad (Ex. 28:2), wat hom van die ander priesters onderskei het, gedra nie.

Hy moet 'n heilige linnerok aantrek en 'n linnebroek moet oor sy vlees wees en met 'n linnegordel moet hy hom gord en 'n linnetulband moet op sy hoof wees. Dit is heilige klere; en hy moet sy liggaam in die water bad en dit aantrek. Lev. 16:4.

Ook hierdie is 'n heenwysing na Yeshua, ons Hoofpriester volgens die orde van Melgisedek:

Hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Die Gesalfde Een, Yeshua, is, Hy wat, terwyl Hy die afbeelding van God was, dit geen roof geag het om soos God te wees nie, maar Homself gestroop en die gestalte van 'n slaaf aangeneem het in die vorm van 'n mens en gevind is in die gedaante van 'n man: Hy het Homself verneder en was gehoorsaam tot die dood toe, die dood deur gekruisig te word. God het Hom daarom ook tot die hoogste plek opgelig en aan Hom die Karakter en Outortiteit (naam) gegee wat bo elke karakter en outortiteit (Naam) is sodat elke knie sal buig tot eer van die Karakter en Outortiteit (Naam) wat aan Yeshua gegee is, dié wat in die hemel en dié wat op die aarde en dié wat onder die aarde is en elke tong sal erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, יהוה is, tot eer, lof en aanbidding van God-die-Vader. Fil. 2:5 tot 11 – PWL.

Die Twee Bokke

Beide bokke wat Aäron moes neem verteenwoordig een deel van die Verlossingswerk van Yeshua, maar word egter as een offerhande beskou.

Hy moet ook die twee bokke vat en hulle voor יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, aanbied. Aharon moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir יהוה en een lot vir 'Az'azel (bok vir totale verwydering). Aharon moet die bok waarop die lot vir יהוה gekom het naderbring en hom as sondoffer offer. Die bok waarop die lot vir 'Az'azel gekom het, moet lewendig voor יהוה aangebied word, om daardeur toedekking te doen, deur hom, as die bok vir volledige verwydering, die wildernis in te stuur. Lev. 16:7 tot 10 – PWL.

Die bok vir YHVH is 'n sinnebeeld van ons eie reiniging van sonde deur vertrouwe in die versoeningswerk van Yeshua as Messias aan die folterpaal.

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. 2 Kor. 5:21.

Hierdie kan ook vergelyk word met die reiniging van ons liggaam as die tempel van YHVH en van die reiniging van die gemeente van YHVH (1 Kor. 3:16).

Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 2 Kor. 6:16.

Die bok vir Asásel is 'n afbeelding van die verwydering van ons sonde so ver as die Ooste is van die Weste (Ps. 103:11).

Die lot vir Asásel is 'n sinnebeeld van Yeshua Messias wat ons sondes op Hom geneem het en in ons plek die loon van die sonde, naamlik die dood, gedra het sodat ons met YHVH versoen kan wees en in oorwinning oor sonde kan lewe. Verwys Jes. 53:1 tot 6; Rom. 6:12 en 13; 1 Kor. 15:3 en 4; Gal. 1:3 en 4; Heb. 2:17; 1 Joh. 2:2; 4:10).

Opsommend

Die belangrikste les wat ons met die studie van die Dag van Versoening leer, is dat YHVH die Levitiese priesterorde ingestel het as 'n heenwysing na die toekomstige versoening wat Yeshua as Hoofpriester volgens die orde van van Melgisedek aan die folterpaal sou bewerkstellig, sodat ons deur vertroue in Yeshua as Messias 'n Melgisedek koninklike priesterdom kan wees.

Ooreenkoms tussen Pesag en Die Versoendag

Beide Pesag en die Dag van Versoening (Toedekking) is 'n heenwysing na die versoening met YHVH deur die Lam van God, naamlik Yeshua Messias wat vir ons sondes geoffer is. Hoewel daar ooreenkomste tussen die twee feestye (Aangewese Tye) van YHVH is, is daar egter ook sekere verskille.

- Pesag is 'n herinnering aan Yeshua wat die eenmalige offer vir vergifnis van ons sondeskuld gebring het (Heb 9:11 en 12; Heb. 10:12). Op die wyse is daar versoening met YHVH vir elkeen wat glo in Messias as YHVH se Pesaglam.
- Die Dag van Versoening is ook 'n heenwysing van hierdie feit, maar bevat 'n bykomende stap in YHVH se reddingsplan, naamlik die verwydering van die oorsaak van sonde. Die Dag van Versoening is 'n heenwysing na die vergifnis van sonde sowel as die verwydering van sonde. Hierdie stap, die verwydering van die oorsaak van sonde, moet plaasvind alvorens daar ware vrede op aarde kan wees. Dit is deel van die eindtydgebeure soos dit in Openbaring beskryf word.
- Derdens moet Pesag gesien word as reiniging, vergifnis en versoening tussen YHVH en die mens as individu, terwyl die Dag van Toedekking gesien kan word as 'n korporatiewe versoening van 'n volk of 'n gemeenskap.

Bepeins of Bespreek

1. Die Dag van Versoening is 'n ewige instelling soos dit geskryf is in Lev. 16:29 tot 31.

Hierdie sal 'n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek, want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees. Dit moet 'n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is 'n ewige instelling (PWL).

Die Versoendag word as 'n spesiale Shabbat gedenk – die Shabbat van Shabbatte. Van al die Vasgestelde Tye is Yom Kippur die een wat met die grootste erns gedenk word, want dit spreek van YHVH se genade, maar ook van Sy oordeel, *want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word; asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.* Die

Dag van Toedekking (Versoening) is 'n hernuwing en bevestiging van ons eenwording met YHVH en van ons sondekwytskelding in Yeshua Messias.

2. Met verwysing na Lev. 16:8 is die *lot vir Asasel gewerp* en Satan is reeds aangewys as die 'sondebok'. Hoewel Satan reeds geoordeel is (Joh. 12:31; Joh. 16:11), is hy nog nie *buitentoe gedryf* nie. Omrede hy egter reeds deur Yeshua oorwin is (Kol. 2:15), word hy wel as te ware *buitentoe gedryf* wanneer ons, onself aan YHVH onderwerp en Satan weerstaan (Jak. 4:7). Dit is egter alleenlik Yeshua wat met die wederkoms hierdie proses sal voltooi. Tot dan sal elke gelowige in 'n worstelstryd betrokke wees (Ef. 6:12). Dit is belangrik om te onthou dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig (1 Joh. 3:8). Die dag van Versoening dien dus ook as 'n herinnering dat Satan reeds oorwin is.
3. Ons het oorwinning oor sonde, naamlik dat die sonde nie meer oor ons heers nie (Rom. 6:12 en 13). Die sondige mens is saam met Yeshua gekruisig en 'n nuwe mens het saam met Hom opgestaan (Rom. 6:6). Ons is derhalwe dood vir die sonde, maar lewend vir YHVH in Yeshua (Rom. 6:11). Ons Messias het aan die folterpaal gesterf sodat ons sondes vergewe kan word, maar Hy het ook gesterf dat ons sondes verwyder kan word. Die sondebok wat in die woestyn sterf is simbolies van die sonde wat verwyder word en wat nie sal terugkeer nie indien ons gehoorsaam is aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah.
4. Volgens Open. 20:6 sal ons saam met Yeshua regeer.

Geseënd en afgesonderd is hy wat deel het aan die eerste opstanding. Oor hulle het die tweede dood geen outoriteit nie, maar hulle sal priesters van God en van Die Gesalfde Een wees² en sal saam met Hom vir 'n duisend jaar lank regeer. Open. 20:6 - PWL

Die vraag is of ons dan nie reeds hier op aarde as 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek moet regeer nie? Bepeins of bespreek hierdie in die lig van Gen. 1:26 tot 28 waar YHVH se oorspronklike doel met die mens uiteengesit word. Hoe moet ons die Hemelse Koninkryk hier op aarde help vestig? Wat is die taak van die priesterdom?

-0-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.